# Geliefd:

# Gemaak vir liefde

**Louis du Piesanie 06/09/2019**

**1 Johannes 3:1 (AFR83) "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie."**

**Efesiërs 3:17-19 (AFR83) "dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God."**

## 1. GOD IS 'N FADER WAT OMGEE

**Psalm 103:13 (AFR83) "Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien."**

**1 Petrus 5:7 (AFR83) "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle."**

**Matteus 6:31-32 (AFR83) "Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek nie….. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het."**

## 2. GOD IS 'N VADER WAT GETROU IS EN HY BLY ALTYD DIESELFDE

**Jakobus 1:17 (AFR83) "Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie."**

**2 Timoteus 2:13 (AFR83) "as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie."**

**Romeine 11:29 (AFR83) "As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie."**

**Psalm 59:10 (AFR83) "Ek wil my hoop op U gevestig hou, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting!"**

### 3. GOD IS 'N VADER WAT ALTYD NABY IS

**Handelinge 17:27 (AFR83) "God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie"**

**3.1.** Hy is nooit te besig vir jou nie.

**Psalm 145: 18 (AFR83) "Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep."**

**3.2.** Hy is lief om aan jou behoeftes te voorsien.

**Mattheus 7:11 (AFR83) "As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?"**

**3.3.** Hy is daar vir jou wanneer jy seerkry.

**Psalm 34:18 (DB) "As hulle Hom om hulp vra, red Hy hulle uit al hulle probleme. Hy hoor as hulle na Hom roep."**

### 4. IN EN DEUR GOD HET JY ALS WAT JY NODIG HET OM SUKSESVOL TE LEWE

**Lukas 1:37 (AFR83) "Niks is vir God onmoontlik nie."**

**Efesiërs 3:20 (NLV) "Hy moet geprys word – Hy wat mag het om deur die krag wat in ons werk, oneindig meer te doen as wat ons vra of dink om te vra."**

**Johannes 14: 6-7 (AFR83) "Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie. As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom."**

## Gesprek Gids

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK**

1. Ervaar jy God as 'n liefdevolle Vader?
2. Was jy al deur 'n aardse pa teleurgestel? Beïnvloed dit hoe jy God as Vader ervaar?
3. Glo jy dat God jou gemaak het sodat Hy vir jou kan lief wees?